# OFFICIAL GAZETTE
## OF SOUTH WEST AFRICA

# OFFISIËLE KOERANT
## VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY — UITGAWE OP GESAG

10c — Saturday 15 March 1975 — WINDHOEK — Saterdag 15 Maart 1975 — No. 3454


CONTENTS


PROCLAMATIONS:

No. 6 Township of Grootfontein: (Extension 2) Extention of Township Boundaries .........

No. 7 Definition of Roads Boards Areas and the Establishment of Roads Boards therefor. . .

GOVERNMENT NOTICES:

No. 63 Closing of District Road and Proclamation and Classification of a Road: Districts of Windhoek, Okahandja and Karibib.....

No. 64 Proposed Closing of a Portion of Farm Road: District of Windhoek ..................

No. 65 Regulations under the Education Ordinance, 1962 (Ordinance 27 of 1962) on out of School Education ........................

No. 66 Road Traffic Ordinance, 1967: Exemption in Terms of Section 180: Department of Posts and Telecommunication Services .........

No. 67 Price Control: Maximum Prices of Fertilizer

No. 68 Road Traffic Regulations, 1967: Correction

No. 69 Proposed Closing of Farm Road and Proposed Proclamation of a Road: District of Grootfontein ...........................

No. 70 Proposed Closing of a Portion of District Road and Proposed Proclamation of a New Portion thereof: District of Grootfontein . . .

No. 71 Proposed Closing of a Portion of Farm Road: District of Keetmanshoop .............

No. 72 Proclamation and Classification of a Road: Magisterial District of Windhoek ........

No. R277 (Republic) Customs and Excise Act 1964: Amendment of Schedule No. 4 (No. 4/161)

No. 355 (Republic) Department of National Education: Declaration of a National Monument .........................


INHOUD


Page/Bladsy

PROKLAMASIES:

No. 6 Dorp Grootfontein: (Uitbreiding 2) Uitbreiding van Dorpsgrense.................. 436

No. 7 Omskrywe van Padraadsgebiede en die Instelling van Padrade daarvoor ........... 436

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS:

No. 63 Sluiting van Distrikpad en Proklamering en Klassifisering van 'n Pad: Distrikte Windhoek, Okahandja en Karibib ................ 439

No. 64 Voorgenome Sluiting van 'n Gedeelte van Plaaspad: Distrik Windhoek ............ 440

No. 65 Regulasies Kragtens die Onderwysordonnansie 1962 (Ordonnansie 27 van 1962) op Opvoeding Buite Skoolverband.......... 440

No. 66 Ordonnansie op Padverkeer 1967: Vrystelling Ingevolge Artikel 180: Departement van Pos- en Telekommunikasiewese .......... 441

No. 67 Prysbeheer: Maksimum Pryse van Kunsmis 442

No. 68 Padverkeersregulasies 1967: Regstelling .... 446

No. 69 Voorgenome Sluiting van Plaaspad en Voorgenome Proklamering van 'n Pad: Distrik Grootfontein ................. 447

No. 70 Voorgenome Sluiting van 'n Gedeelte van Distrikspad en Voorgenome Proklamering van 'n Nuwe Gedeelte daarvan: Distrik Grootfontein ........................ 448

No. 71 Voorgenome Sluiting van 'n Gedeelte van Plaaspad: Distrik Keetmanshoop........ 448

No. 72 Proklamering en Klassifisering van 'n Pad: Landdrosdistrik Windhoek.............. 449

No. R277 (Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 4 (No. 4/161) ... 450

No. 355 (Republiek) Departement van Nasionale Opvoeding: Verklaring van 'n Nasionale Gedenkwaardigheid .................. 451

No. R366 (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Regulations (No. MR/14) .

No. R393 (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 1 (No. 1/1/324)

GENERAL NOTICE:

No. 11 Private Game Reserve: Proposed Proclamation of Mr. W. H. Myburgh ...........

ADVERTISEMENTS:

No. R366 (Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Regulasies (No. MR/14) ... 451

No. R393 (Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 1 (No. 1/1/324) . 452

ALGEMENE KENNISGEWING:

No. 11 Private Wildreserwe: Voorgestelde Proklamasie van mnr. W. H. Myburg ........... 453

ADVERTENSIES: 453

# PROCLAMATIONS

BY THE HONOURABLE DIRK FREDERIK MUDGE, DEPUTY ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA.

No. 6 of 1975.]

TOWNSHIP OF GROOTFONTEIN:

(EXTENSION 2)

EXTENSION OF TOWNSHIP BOUNDARIES.

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 29(1) of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963) extended the boundaries of the township of Grootfontein (Extension 2) to include portion 5 of Grootfontein Townlands 814, (Extension 2).

This property is now known as erf 608, Grootfontein (Extension 2).

Given under my hand and seal in Windhoek on this the 6th day of February 1975.

D. F. MUDGE,
Deputy Administrator.

# PROKLAMASIES

DEUR SY EDELE DIRK FREDERIK MUDGE, WAARNEMENDE ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-AFRIKA.

No. 6 van 1975.]

DORP GROOTFONTEIN:

(UITBREIDING 2)

UITBREIDING VAN DORPSGRENSE.

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 29(1) van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling, 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) die grense van die dorp Grootfontein (Uitbreiding 2) uitgebrei om gedeelte 5 van Grootfontein Dorpsgrond 814 in te sluit.

Hierdie eiendom staan nou bekend as erf 608, Grootfontein (Uitbreiding 2).

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie die 6de dag van Februarie 1975.

D. F. MUDGE,
Waarnemende Administrateur.

BY THE HONOURABLE DIRK FREDERIK MUDGE, DEPUTY ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA.

No. 7 of 1975.]

DEFINITION OF ROADS BOARDS AREAS AND THE ESTABLISHMENT OF ROADS BOARDS THEREFOR.

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 5(1) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972) established the roads boards described in column 1 of the schedule for the areas described in column 2 of the schedule.

DEUR SY EDELE DIRK FREDERIK MUDGE, WAARNEMENDE ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-AFRIKA.

No. 7 van 1975.]

OMSKRYWING VAN PADRAADSGEBIEDE EN DIE INSTELLING VAN PADRADE DAARVOOR.

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 5(1) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972) die padrade genoem in kolom 1 van die bylae ingestel vir die gebiede omskryf in kolom 2 van die bylae.

Given under my hand and seal in Windhoek on this the 20th day of February 1975.

D. F. MUDGE,
*Deputy Administrator.*

SCHEDULE

| 1. *ROADS BOARD OF:* | 2. *AREA ESTABLISHED FOR:* |
|---|---|
| NAMALAND: | Namaland as defined in Schedule 1 of the Consolidation and Administration of Namaland Act, 1972 (Act 79 of 1972) published in Government Gazette 3578 of 21 June 1972. |
| DAMARA-LAND: | From a point where the meridian of longitude 13° 07′ 02″ east intersects the middle of the Hoanib River; thence north-eastwards along the said middle to a point where it intersects the south-western boundary of Sesfontein 207; thence along the boundary of Sesfontein 207 so as to include it in this area to a point where the northern road reserve boundary of farm road 3223 intersects the said boundary of Sesfontein 207; thence generally along the northern road reserve boundary of farm road 3223 so as to include it in this area to a point where the northern road reserve boundary of farm road 3223 intersects the boundary of the farm Kamdescha 624; thence generally northwards and eastwards along the boundaries of the following farms so as to include them in this area; said farm Kamdescha 624, De Ville 638, Marenphil 641, Westend 642 and Tevrede 643, to a point where the western boundary of the road reserve of main road 67 intersects the northern boundary of the last-mentioned farm; thence along the western boundary of the said road reserve to a point where it intersects the eastern boundary of the farm Marienhöhe 639; thence south-eastwards along the eastern boundary of the last-mentioned farm to its south-eastern corner beacon; thence generally southwards along the boundaries of the following properties so as to include them in this area: The farms Quo Vadis 625, Waterbron |

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie die 20ste dag van Februarie 1975.

D. F. MUDGE,
*Waarnemende Administrateur.*

BYLAE

| 1. *PADRAAD VAN:* | 2. *GEBIED WAARVOOR INGESTEL.* |
|---|---|
| NAMALAND | Namaland soos omskryf in Bylae 1 van die Wet op die Konsolidasie en Administrasie van Namaland, 1972, (Wet no. 79 van 1972) gepubliseer in Staatskoerant 3578 van 21 Junie 1972. |
| DAMARA-LAND | Begin by 'n punt waar die lengtemeridiaan 13° 07′ 02" oos die middel van die Hoanibrivier kruis; daarvandaan noordooswaarts met gemelde middel langs tot by 'n punt waar dit die suidwesgrens van Sesfontein 207 kruis; daarvandaan met die grens van Sesfontein 207 langs sodat dit ingesluit word, tot by 'n punt waar die noordelike padreserwegrens van plaaspad 3223 genoemde grens van Sesfontein 207 kruis; daarvandaan met die noordelike padreserwegrens van plaaspad 3223 langs sodat dit ingesluit word, tot by 'n punt waar die noordelike padreserwegrens van plaaspad 3223 die grens van die plaas Kamdescha 624 kruis; daarvandaan algemeen noordwaarts en ooswaarts langs die grense van die volgende plase sodat hulle ingesluit word: Gemelde plaas Kamdescha 624, De Ville 638, Marenphil 641, Westend 642 en Tevrede 643, tot by 'n punt waar die wesgrens van die padreserwe van Grootpad 67 die noordgrens van laasgenoemde plaas kruis; daarvandaan met die westlike grens van die gemelde padreserwe langs tot by 'n punt waar dit die oostelike grens van die plaas Marienhöhe 639 kruis; daarvandaan suidooswaarts langs die oostelike grens van die laasgenoemde plaas tot by die suidoostelike hoekbaken daarvan; daarvandaan algemeen suidwaarts met die grense van die volgende eiendomme langs sodat hulle in hierdie gebied ingesluit word: |

623, Condor 617, Emmanuel 613, Deo Volento 610, Anker 602, Kakatswa Onguati 236, Portions 1 and 2 of the farm Amkarub 269, the farms Engelbrecht 272, Annabis 677, Spitskop 678, Rockeys 682, Portion 1 of Aub 683, Remaining Extent of Aub 683, Smalruggens 684, Fransfontein 6, Waterval 384, Stille Woning 386, No. 388, Renosterkop 389, Löwenfontein 84, Otjihorongo 150, Okombahe 139, Springbockfontein 21, Tumib 20, Kudubis 19, Sandamap Noord 115, Sandamap 64, Eureka 99, Sukses 90 and Hakskeen 89 to the southernmost corner beacon of the last-mentioned farm; thence along the boundaries of the farm Trekkopje 120, so as to exclude it from this area, to a point on the western boundary of the said property one mile north of the Usakos-Swakopmund railway line; thence generally southwestwards along a line one mile from and parallel to the said railway line to a point where the meridian of longitude 14° 53′ 33″ east intersects the parallel of latitude 22° 29′ 08″ south; thence along a straight line to a point where a line, drawn due west from the south-western corner beacon of the farm Geluk 123, intersects a line which connects the two points with geographic coordinate values 14° 53′ 33″ east and 22° 29′ 08″ south, and 13° 57′ 33″ east and 21° 00′ 09″ south; thence in a straight line to the last-named corner beacon; thence along the boundaries of the said farm Geluk 123 so as to exclude it from this area, to the northwestern corner beacon thereof; thence in a straight line due west to a point where it intersects the said line connecting the two points with geographical values 14° 53′ 33″ east and 22° 29′ 08″ south, and 13° 57′ 33″ east and 21° 00′ 09″ south thence along a straight line to a point where the meridian of longitude 13° 57′ 33″ east intersects the parallel of latitude 21° 00′ 09″ south; thence northwestwards along a straight line to the point of beginning.

Die plase Quo Vadis 625, Waterbron 623, Condor 617, Emmanuel 613, Deo Volento 610, Anker 602, Kakatswa Onguati 236, Gedeeltes 1 en 2 van die plaas Amkarub 269, die plase Engelbrecht 272, Annabis 677, Spitskop 678, Rockeys 682, Gedeelte 1 van Aub 683, Restant van Aus 683, Smalruggens 684, Fransfontein 6, Waterval 384, Stille Woning 386, No. 388, Renosterkop 389, Löwenfontein 84, Otjihorongo 150, Okombahe 139, Springbockfontein 21, Tumib 20, Kudubis 19, Sandamap Noord 115, Sandamap 64, Eureka 99, Sukses 90 en Hakskeen 89 tot by die verste suidelike hoekbaken van laasgenoemde plaas; daarvandaan met die grense van die plaas Trekkopje 120 langs, sodat dit uit hierdie gebied uitgesluit word, tot by 'n punt op die westelike grens van genoemde eiendom een myl noord van die Usakos-Swakopmundspoorlyn; daarvandaan algemeen suidweswaarts in 'n lyn een myl van genoemde spoorlyn af parallel daarmee tot by 'n punt waar die lengtemeridiaan 14° 53′ 33" oos die breedtesirkel 22 ° 29′ 08″ suid kruis; daarvandaan met 'n reguit lyn langs tot by 'n punt waar 'n lyn getrek reg weswaarts van die suidwestelike hoekbaken van die plaas Geluk 123 gekruis word deur 'n lyn wat die twee punte met geografiese koördinaatwaardes 14° 53′ 33″ oos en 22° 29′ 08″ suid en 13° 57′ 33″ oos en 21 ° 00′ 09″ suid, verbind; daarvandaan met 'n reguit lyn langs tot by die laasgenoemde hoekbaken; daarvandaan langs die grense van gemelde plaas Geluk 123 sodat dit uitgesluit word, tot by die noordwestelike hoekbaken daarvan; daarvandaan met 'n reguit lyn langs reg weswaarts tot by 'n punt waar dit aansluit by die gemelde lyn wat die twee punte met geografiese koördinaatwaardes 14° 53′ 33″ oos en 22° 29′ 08″ suid, en 13° 57′ 33″ oos en 21° 00′ 09″ suid verbind; daarvandaan met 'n reguit lyn langs tot by 'n punt waar die lengte meridiaan 13° 57′ 33″ oos die breedtesirkel 21° 00′ 09″ suid kruis; daarvandaan noordweswaarts met 'n reguit lyn langs tot by die beginpunt.

# Government Notices

The following Government Notices are published for general information.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 63] [15 March 1975

## CLOSING OF DISTRICT ROAD 158 AND PROCLAMATION AND CLASSIFICATION OF A ROAD: DISTRICTS OF WINDHOEK, OKAHANDJA AND KARIBIB.

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 22(2) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972) as amended, in the districts of Windhoek, Okahandja and Karibib closed district road 1958 which is indicated on sketch map P565 and which is described in Schedule I hereto and proclaimed a road which is indicated on sketch map P565, defined the route thereof as described in Schedule II hereto and under and by virtue of the provisions of section 23(1) of the said Ordinance declared it a district road with number 1958.

SCHEDULE I

| *Description of road:* | *Portion closed:* |
| --- | --- |
| The road described as district road 1958 in Schedule III of Proclamation 44 of 1955; Schedule III of Proclamation 21 of 1960 and in Schedule III of Proclamation 17 of 1965. | The whole. |

SCHEDULE II

*District road 1958:*

From a point (I on sketch P565) on district road 1967 on the farm Onjossa 14 in the district of Karibib generally south-eastwards across the farms Onjossa 14, Onjassa 18 and Okomitundu 24 to a point (J) on the eastern boundary of the last-mentioned farm which is also the common boundary of the districts of Karibib and Okahandja; thence continuing in the district of Okahandja generally south-southeastwards across the farms Westfalenhof 23, crossing the Swakop River and Hiradaub 26 to a point (K) on the southern boundary of the last-mentioned farm which is also the common boundary of the districts of Okahandja and Windhoek; thence continuing in the district of Windhoek generally south-southeastwards across the farms Valsdam 363

# Goewermentskennisgewings

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 63] [15 Maart 1975

## SLUITING VAN DISTRIKSPAD 1958 EN PROKLAMERING EN KLASSIFISERING VAN 'N PAD: DISTRIKTE WINDHOEK, OKAHANDJA EN KARIBIB.

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 22(2) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972) soos gewysig, in die distrikte Windhoek, Okahandja en Karibib distrikspad 1958 wat aangetoon word op sketskaart P565 gesluit soos in Bylae I hieronder beskryf en 'n pad wat aangetoon word op sketskaart P565 geproklameer, die loop daarvan bepaal soos in Bylae II hieronder beskryf en dit kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 23(1) van genoemde Ordonnansie tot distrikspad met nommer 1958 verklaar.

BYLAE I

| *Beskrywing van Pad:* | *Gedeelte gesluit:* |
| --- | --- |
| Die pad beskryf as distrikspad 1958 in Bylae III van Proklamasie 44 van 1955; Bylae III van Proklamasie 21 van 1960 en in Bylae III van Proklamasie 17 van 1965. | Die hele. |

BYLAE II

*Distrikspad 1958:*

Van 'n punt (I op skets P565) op distrikspad 1967 op die plaas Onjossa 14 in die distrik Karibib algemeen suidooswaarts oor die plase Onjossa 14, Onjossa 18 en Okomitundu 24 tot op 'n punt (J) op die oostelike grens van laasgenoemde plaas wat ook die gemeenskaplike grens is van die distrikte Karibib en Okahandja; van daar voortgaande in die distrik Okahandja algemeen suid-suidooswaarts oor die plase Westfalenhof 23, om die Swakoprivier te kruis en Hiradaub 26 tot op 'n punt (K) op die suidelike grens van laasgenoemde plaas wat ook die gemeenskaplike grens is van die distrikte Okahandja en Windhoek; van daar voortgaande in die distrik Windhoek algemeen suid-suidooswaarts oor die plase Valsdam 363 en Berlin 325 tot op 'n punt op

and Berlin 325 to a point on the last-mentioned farm; thence generally east-northeastwards across the farms Berlin 325, Portion 1 (Colorado) of Glynberg 326 and Glynberg 326 to a point on the last-mentioned farm; thence generally south-southeastwards across the farms Glynberg 326, Portion 1 (Colorado) of Glynberg 326, Glynberg 326 and Khomaskop 354 to a point (F) on district road 1489 on the last-mentioned farm.

laasgenoemde plaas; van daar algemeen oos-noordooswaarts oor die plase Berlin 325, Gedeelte 1 (Colorado) van Glynberg 326 en Glynberg 326 tot op 'n punt op laasgenoemde plaas; van daar algemeen suid-suidooswaarts oor die plase Glynberg 326, Gedeelte 1 (Colorado) van Glynberg 326, Glynberg 326 en Khomaskop 354 tot op 'n punt (F) op distrikspad 1489 op laasgenoemde plaas.

---

No. 64] [15 March 1975

## PROPOSED CLOSING OF A PORTION OF FARM ROAD 1220: DISTRICT OF WINDHOEK.

Under and by virtue of the provisions of section 17(1) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972) as amended, it is hereby made known that the Roads Board of Windhoek requests that a portion of farm road 1220 be closed as described in the schedule hereto.

A sketch map (number P656) of the area concerned indicating the road referred to in the request as well as other proclaimed, minor and private roads in that area, lies for inspection at the offices of the Director of Roads, Windhoek, and the Roads Superintendent, Windhoek.

Any person having any objections to the above request should lodge such objections in writing with the grounds upon which it is based clearly and specifically therein stated, within thirty days from 15 March 1975 with the Chairman of Roads Boards, Private Bag 13186, Windhoek.

### SCHEDULE

From a point (A on sketch P 656) on district road 1219 on the farm Tivoli 83 generally eastwards across the farms Tivoli 83, Portion 1 of Anias Nord 84 and Anias Nord 84 to a point (B) near the homestead of the last-mentioned farm; thence generally southwards across the farms Anias Nord 84 and Anias Süd 85 to a point (C) near the homestead of the last-mentioned farm; thence generally eastwards across the farms Anias Süd 85 and Gumuchab West 87 to a point (D) on farm road 1252 on the last-mentioned farm.

No. 64] [15 Maart 1975

## VOORGENOME SLUITING VAN 'N GEDEELTE VAN PLAASPAD 1220: DISTRIK WINDHOEK.

Kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 17(1) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972) soos gewysig, word hierby bekend gemaak dat die Padraad van Windhoek versoek dat 'n gedeelte van plaaspad 1220 gesluit word soos in die bylae hieronder beskryf.

'n Sketskaart (nommer P656) van die betrokke streek waarop die pad waarop die versoek betrekking het en ander geproklameerde, ondergeskikte en privaatpaaie in daardie streek aangetoon word, lê by die kantore van die Direkteur van Paaie, Windhoek, en die Paaiesuperintendent, Windhoek, ter insae.

Iedereen wat enige besware het teen bogemelde versoek moet sodanige besware, met die gronde waarop dit gebaseer is duidelik en in besonderhede uiteengesit, skriftelik binne 'n tydperk van dertig dae vanaf 15 Maart 1975 indien by die Voorsitter van Padrade, Privaatsak 13186, Windhoek.

### BYLAE

Van 'n punt (A op skets P656) op distrikspad 1219 op die plaas Tivoli 83 algemeen ooswaarts oor die plase Tivoli 83, Gedeelte 1 van Anias Nord 84 en Anias Nord 84 tot op 'n punt (B) naby die opstal van laasgenoemde plaas; van daar algemeen suidwaarts oor die plase Anias Nord 84 en Anias Süd 85 tot op 'n punt (C) naby die opstal op laasgenoemde plaas; van daar algemeen ooswaarts oor die plase Anias Süd 85 en Gumuchab West 87 tot op 'n punt (D) op plaaspad 1252 op laasgenoemde plaas.

---

No. 65] [15 March 1975

## REGULATIONS UNDER THE EDUCATION ORDINANCE, 1962 (ORDINANCE 27 OF 1962) ON OUT OF SCHOOL EDUCATION.

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 117(1) of the Education Or-

No. 65] [15 Maart 1975

## REGULASIES KRAGTENS DIE ONDERWYSORDONNANSIE 1962 (ORDONNANSIE 27 VAN 1962) OP OPVOEDING BUITE SKOOLVERBAND.

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 117(1) van die Onderwysor-

dinance, 1962 (Ordinance 27 of 1962) made the following regulations:

FÉES

1. (1) The fees payable in respect of the education and training of persons who are not subject to compulsory education in accordance with one or other provision of the law shall be -

(a) R10,00 per student per course in the case of tuition in hobbies;

(b) R10,00 per student per course per year in the case of tuition in language-courses which do not lead to the taking of any particular examination;

(c) R10.00 per student per subject per trimester or per year according to the circumstances of the case, in case of tuition in examination subjects up to and including the tenth standard or equivalent level and

(d) R12.00 per student, per subject per trimester or per year, according to the circumstances of the care, in the case of tuition in examination subjects, above the tenth standard or above a level equivalent to the tenth standard.

(2) The fees referred to in subregulation (1) shall be payable in advance.

COMMENCEMENT

2. These regulations shall be deemed to have come into force on the first day of January 1975.

donnansie, 1962 (Ordonnansie 27 van 1962) die onderstaande regulasies gemaak:

GELDE

1. (1) Die gelde betaalbaar ten opsigte van die onderwys en opleiding van persone wat nie aan skoolplig ingevolge een of ander wetsbepaling onderworpe is nie of wat van so 'n wetsbepaling vrygestel is, is -

(a) R10,00 per student per kursus in die geval van onderrig in stokperdjiekursusse;

(b) R10,00 per student per kursus per jaar in die geval van onderrig in taalkursusse wat nie tot die aflegging van 'n bepaalde eksamen lei nie;

(c) R10,00 per student per vak per trimester of per jaar, na gelang van die geval, in die geval van onderrig in eksamenvakke tot en met die tiende standerd of 'n gelykwaardige vlak; en

(d) R12,00 per student, per vak per trimester of per jaar na gelang van die geval, in die geval van onderrig in eksamenvakke bo die tiende standerd of bo 'n vlak gelykwaardig aan die tiende standerd.

(2) Die gelde bedoel in subregulasie (1) is vooruitbetaalbaar.

INWERKINGTREDING

2. Hierdie regulasies word geag op die eerste dag van Januarie 1975 in werking te getree het.

---

No. 66] [15 March 1975

ROAD TRAFFIC ORDINANCE 1967 : EXEMPTION IN TERMS OF SECTION 180 : DEPARTMENT OF POSTS AND TELECOMMUNICATION SERVICES.

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 180 of the Road Traffic Ordinance, 1967 (Ordinance 30 of 1967) exempted the Department of Posts and Telecommunication Services, in respect of vehicle P901920 from the provisions of sections 115(a), (c), (d), (f) and 116(1)(a), (c) and (e) of the Road Traffic Regulations 1967, for the municipal area of Windhoek, on condition that a disc signed by the Secretary for South West Africa be exhibited on the said vehicle as proof of this exemption.

No. 66] [15 Maart 1975

ORDONNANSIE OP PADVERKEER 1967 : VRYSTELLING INGEVOLGE ARTIKEL 180 : DEPARTEMENT VAN POS- EN TELEKOMMUNIKASIEWESE.

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 180 van die Ordonnansie op Padverkeer, 1967 (Ordonnansie 30 van 1967) die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese met betrekking tot voertuig P901920 vrygestel van die bepalings van artikels 115(a), (c), (d), (f) en 116(1)(a), (c) en (e) van die Padverkeerregulasies 1967, vir die munisipale gebied van Windhoek, op voorwaarde dat op genoemde voertuig 'n skyfie vertoon word, onderteken deur die Sekretaris van Suidwes-Afrika, as bewys van hierdie vrystelling.

No. 67] [15 March 1975

## PRICE CONTROL: MAXIMUM PRICES OF FERTILIZER.

I, Elias George de Beer, Deputy Price Controller, acting under the powers assigned to me by the Price Controller in terms of section 3 of the Price Control Act, 1964 (Act 25 of 1964), do hereby, under section 4 of the said Act, prescribe as follows:

1. In respect of fertilizers and fertilizer mixtures -

(1) where the total quantity sold is 500 kg or more the maximum prices are the prices per 1 000 kg specified in the Schedules hereto;

(2) where the quantity sold is less than 500 kg but not less than 50 kg the maximum prices are proportionate to the prices per 1 000 kg specified in the Schedules hereto plus an amount calculated at a rate not exceeding R1,10 per 1 000 kg;

(3) where any such fertilizer or fertilizer mixture is purchased for resale and is resold from the reseller's stock the maximum prices are those specified in subregulation (1) or subregulation (2) (whichever may be applicable) -

(i) plus an amount calculated at the rate of R1,65 per 1 000 kg;

(ii) plus the railage and/or cartage actually paid on such fertilizer or on such fertilizer mixture from Bellville, Durban or Vereeniging, whichever station is the nearest to the store of the reseller;

(iii) less the consolidated Government subsidy; and the maximum prices so determined shall be free on rail reseller's station: Provided that, where any such fertilizer or fertilizer mixture is sold, otherwise than for cash with order, the maximum price of such fertilizer or fertilizer mixture as prescribed in the relevant Schedule hereto, may, subject to the provisions of regulation 2, be increased by not more than 12,5 per cent (after the deduction of the consolidated Government subsidy) on condition that the seller shall allow the purchaser a minimum discount in accordance with the following scale upon payment being made or tendered within the period specified.

If payment is made within the following periods calculated from the last day of the month within which dispatch is effected:

No. 67] [15 Maart 1975

## PRYSBEHEER: MAKSIMUM PRYSE VAN KUNSMIS.

Ek, Elias George de Beer, Adjunk-pryskontroleur, handelende kragtens die bevoegdheid my deur die Pryskontroleur verleen by artikel 3 van die Wet op Prysbeheer, 1964 (Wet 25 van 1964), bepaal hierby, kragtens artikel 4 van die genoemde Wet, soos volg:

1. Ten opsigte van kunsmis en kunsmismengsels -

(1) waar die totale hoeveelheid wat verkoop word, 500 kg of meer is, is die maksimum pryse die pryse per 1 000 kg wat in die Bylaes hiervan aangegee word;

(2) waar die hoeveelheid wat verkoop word, minder as 500 kg maar nie minder as 50 kg is nie, staan die maksimum pryse in verhouding tot die pryse per 1 000 kg wat in die Bylaes hiervan aangegee word, plus 'n bedrag bereken teen 'n tarief van hoogstens R1,10 per 1 000 kg;

(3) waar voorrade vir herverkoop aangekoop word en vanuit die herverkoper se voorraad verkoop word, is die maksimum pryse dié wat in subregulasie (1) of subregulasie (2) (nl. dié wat van toepassing is), aangegee is -

(i) plus 'n bedrag bereken teen 'n tarief van R1,65 per 1 000 kg;

(ii) plus die spoorvrag en/of karweikoste wat werklik betaal is op die kunsmis of kunsmismengsel vanaf Bellville, Durban of Vereeniging, na gelang van die stasie wat die naaste aan die herverkoper se pakhuis is;

(iii) min die gekonsolideerde Goewermentsubsidie; en die maksimum pryse aldus bereken, is vry op spoor herverkoper se stasie: Met dien verstande dat wanneer genoemde kunsmis of kunsmismengsel op 'n ander wyse as vir kontant met bestelling verkoop word, die maksimum pryse van die kunsmis of kunsmismengsel in die betrokke Bylae hiervan voorgeskryf, behoudens die bepalings van regulasie 2, verhoog mag word met hoogstens 12,5 persent (na aftrekking van die gekonsolideerde Goewermentsubsidie) op voorwaarde dat die verkoper aan die koper 'n minimum korting ooreenkomstig onderstaande skaal moet toestaan wanneer betaling binne die aangegewe tydperk geskied of aangebied word.

As betaling geskied binne die volgende tydperke bereken vanaf die laaste dag van die maand waarin afsending plaasvind:

| | Minimum discount % |
|---|---|
| One month | 9 |
| Two months | 8 |
| Three months | 7 |
| Four months | 6 |
| Five months | 5 |
| Six months | 4 |
| Seven months | 3 |
| Eight months | 2 |
| Nine months | 1 |

(4) where any fertilizer or fertilizer mixture containing zinc, is sold, the maximum prices are those specified in subregulation (1) or subregulation (2) (whichever may be applicable) plus an amount of R5,80 per unit of zinc per 1 000 kg.

2. The increase for which provision is made in the proviso to subregulation (3) of regulation 1 may not be added unless the seller complies with the following conditions:

(i) "Cash with order" sales shall not be refused in favour of credit sales.

(ii) Where the purchaser seeks credit and this is granted to him, the seller shall make no stipulation that payment shall be deferred for any minimum period or any stipulation limiting the purchaser's right to make payment at any time prior to the expiration of the agreed period of credit and to obtain the benefit of the appropriate discount.

3. For the purpose of this notice "cash with order" includes cash paid or tendered before dispatch.

4. Any fraction of one cent in a maximum price determined in accordance with this notice for a sale at any one time of any fertilizer or fertilizer mixture, whether it be the price of a single unit or the total price of more than one unit resulting from the computation of the price applicable to any number of such units, may be regarded as one cent.

5. Where any fertilizer or fertilizer mixture is railed to or to the order of the purchaser, the maximum prices determined in accordance with this notice shall be free on rail Bellville, Durban or Vereeniging, whichever station is the nearest to the buyer, except in respect of Langfos and Calmafos which are free on rail Bellville, and Vereeniging, respectively.

6. These regulations apply in South West Africa and the Port and settlement of Walvis Bay.

| | Minimum korting % |
|---|---|
| Een maand | 9 |
| Twee maande | 8 |
| Drie maande | 7 |
| Vier maande | 6 |
| Vyf maande | 5 |
| Ses maande | 4 |
| Sewe maande | 3 |
| Agt maande | 2 |
| Nege maande | 1 |

(4) waar kunsmis of kunsmismengsel wat sink bevat, verkoop word, is die maksimum pryse dié in subregulasie (1) of subregulasie (2) (nl. dié wat van toepassing is) plus 'n bedrag gelyk aan R5,80 per eenheid sink per 1 000 kg.

2. Die verhoging waarvoor in die voorbehoudsbepaling van subregulasie (3) van regulasie 1 voorsiening gemaak word, mag nie bygevoeg word nie tensy die verkoper aan die volgende voorwaardes voldoen:

(i) "Kontant met bestelling" — verkope mag nie ten gunste van kredietverkope van die hand gewys word nie; en

(ii) wanneer die koper krediet verlang en dit aan hom toegestaan word, mag die verkoper geen voorwaarde stel dat betaling vir 'n maksimum tydperk uitgestel moet word nie, en hy mag ook nie die koper se reg beperk om te eniger tyd voor die verstryking van die ooreengekome kredietydperk te betaal en die voordeel van die betrokke korting te kry nie.

3. Vir die toepassing van hierdie kennisgewing beteken "kontant met bestelling" ook kontant wat voor versending betaal of aangebied is.

4. 'n Breuk van een sent in 'n maksimum prys wat ooreenkomstig hierdie kennisgewing bereken word vir die verkoop op 'n bepaalde tyd van kunsmis of kunsmismengsels kan as een sent beskou word ongeag of dit die prys van 'n enkele eenheid is of die totale prys van meer as een eenheid wat bereken is volgens die prys wat op enige getal sodanige eenhede van toepassing is.

5. Waar kunsmis of kunsmismengsels per spoor gestuur word aan of aan die order van die koper, is die maksimum pryse wat ooreenkomstig hierdie kennisgewing bereken word, vry op spoor Bellville, Durban of Vereeniging, na gelang van die stasie wat die naaste aan die koper is behalwe in die geval van Langfos en Calmafos wat onderskeidelik vry op spoor Bellville en Vereeniging is.

6. Hierdie regulasies is in Suidwes-Afrika en die hawe en nedersetting Walvisbaai van toepassing.

7. The following Government Notices relating to the maximum prices of fertilizers is hereby withdrawn:

No. 58 of 15 March 1974.
No. 211 of 15 October 1974.

E. G. DE BEER,
Deputy Price Controller.

7. Die volgende Goewermentskennisgewings betreffende die maksimum pryse van kunsmis word hierby herroep:

No. 58 van 15 Maart 1974.
No. 211 van 15 Oktober 1974.

E. G. DE BEER,
Adjunk-pryskontroleur.

EERSTE BYLAE

| Soort kunsmis | Plantvoedsel-inhoud | | Vorm | Maksimum prys per 1 000 kg in sakke |
|---|---|---|---|---|
| | % | | | R |
| Stikstof: | | | | |
| Ammoniumsulfaat | 21,0 | | Kristalle | 75,40 |
| Kalksteenammoniumnitraat | 26,0 | | Korrels | 93,10 |
| Kalksteenammoniumnitraat | 30,0 | | Korrels | 107,40 |
| Ureum | 46,0 | | Korrels | 157,40 |
| Ureum (karbemielinhoud van hoogstens 0,36 persent) | 46,0 | | Korrels | 165,40 |
| Fosfaat: | (a) | (b) | | |
| Superfosfaat | 8,3 | — | Poeier | 57,80 |
| Superfosfaat | 8,3 | — | Korrels | 60,00 |
| Dubbelsuperfosfaat | 19,0 | — | Poeier | 132,70 |
| Dubbelsuperfosfaat | 19,0 | — | Korrels | 134,90 |
| Dubbelsuperfosfaat | 19,6 | — | Poeier | 136,95 |
| Dubbelsuperfosfaat | 19,6 | — | Korrels | 139,15 |
| Superfosfaat en kalk | 4,4 | 7,5 | Korrels | 58,40 |
| Basiese superfosfaat | 1,3 | 7,5 | Korrels | 60,20 |
| | (c) | (b) | | |
| Super- en rurotsfosfaat 1:1 | 11,0 | 5,7 | Poeier | 54,45 |
| Super- en rurotsfosfaat 1:1 | 11,0 | 5,7 | Korrels | 56,65 |
| Hoëgraadse "Langfos Premie" rurotsfosfaat | 12,8 | 3,2 | Poeier | 31,40 |
| Behandelde fosfaat "Calmafos Premie" | 9,5 | 9,0 | Poeier | 56,60 |
| Behandelde fosfaat "Calmafos Premie" | 9,5 | 7,0 | Korrels | 56,90 |
| Kalium (potas): | | | | |
| Kaliumchloried | 50,0 | | Kristalle | 134,10 |
| Kaliumsulfaat | 40,0 | | Poeier | 159,35 |
| Potasmagnesia | 21,5 | | Poeier | 120,50 |

(a) Wateroplosbaar (P); (b) Sitroensuuroplosbaar (P); (c) Totale fosforinhoud.

FIRST SCHEDULE

| Type of fertilizer | Plantfood content | | Form | Maximum price per 1 000 kg in bags |
|---|---|---|---|---|
| | % | | | R |
| Nitrogen: | | | | |
| Ammonium sulphate | 21,0 | | Crystals | 75,40 |
| Limestone ammonium nitrate | 26,0 | | Granulated | 93,10 |
| Limestone ammonium nitrate | 30,0 | | Granulated | 107,40 |
| Urea | 46,0 | | Granulated | 157,40 |
| Ureu (maximum biuret content 0,36 per cent) | 46,0 | | Granulated | 165,40 |
| Phosphatic: | (a) | (b) | | |
| Superphosphate | 8,3 | — | Powder | 57,80 |
| Superphosphate | 8,3 | — | Granulated | 60,00 |
| Double superphosphate | 19,0 | — | Powder | 132,70 |
| Double superphosphate | 19,0 | — | Granulated | 134,90 |
| Double superphosphate | 19,6 | — | Powder | 136,95 |
| Double Superphosphate | 19,6 | — | Granulated | 139,15 |
| Superphosphate and lime | 4,4 | 7,5 | Granulated | 58,40 |
| Basic superphosphate | 1,3 | 7,5 | Granulated | 60,20 |
| | (c) | (b) | | |
| Super and raw phosphate 1:1 | 11,0 | 5,7 | Powder | 54,45 |
| Super and raw phosphate 1:1 | 11,0 | 5,7 | Granulated | 56,65 |
| High grade "Langfos Premium" raw rock phosphate | 12,8 | 3,2 | Powder | 31,40 |
| Treated phosphate "Calmafos Premium" | 9,5 | 9,0 | Powder | 56,60 |
| Treated phosphate "Calmafos Premium" | 9,5 | 7,0 | Granulated | 56,90 |
| Potassic: | | | | |
| Potassium chloride | 50,0 | | Crystals | 134,10 |
| Potassium sulphate | 40,0 | | Powder | 159,35 |
| Potash magnesia | 21,5 | | Powder | 120,50 |

(a) Water soluble (P); (b) Citric acid soluble (P); (c) Total phosphoric content.

## TWEEDE BYLAE

| Soort kunsmis | Plantvoedselinhoud | Vorm | Maksimum prys per 1 000 kg in sakke |
|---|---|---|---|
| | % | | R |
| Geammonifiseerde superfosfaat | N:2,5; P:8,1 | Korrels | 66,30 |
| Geammonifiseerde dubbelsuperfosfaat | N:5,7; P:18,3 | Korrels | 147,65 |

## SECOND SCHEDULE

| Type of fertilizer | Plantfood content | Form | Maximum price per 1 000 kg in bags |
|---|---|---|---|
| | % | | R |
| Ammoniated superphosphate | N:2,5; P:8,1 | Granulated | 66,30 |
| Ammoniated double superphosphate | N:5,7; P:18,3 | Granulated | 147,65 |

## DERDE BYLAE

| Kunsmismengsel (Korrels) | Plantvoedselinhoud | Maksimum prys per 1 000 kg in sakke |
|---|---|---|
| | % | R |
| 0:1:1 | 17 | 85,15 |
| 0:1:1 (kalium in sulfaatvorm) | 17 | 96,90 |
| 1:0:1 | 29 | 91,55 |
| 1:0:1 | 37 | 112,50 |
| 1:0:1 | 47 | 138,70 |
| 1:3:5 (kalium in sulfaatvorm) | 20 | 102,05 |
| 1:3:5 (0,50 organies N, kalium in sulfaatvorm) | 20 | 124,60 |
| 2:1:2 | 26 | 100,25 |
| 2:1:2 (kalium in sulfaatvorm) | 26 | 114,60 |
| 2:2:1 | 22 | 103,45 |
| 2:2:1 | 30 | 140,15 |
| 2:3:0 | 15 | 83,75 |
| 2:3:0 | 26 | 143,35 |
| 2:3:2 (0,50 organies N) | 14 | 91,65 |
| 2:3:2 | 18 | 86,50 |
| 2:3:2 (0,50 organies N) | 18 | 116,55 |
| 2:3:2 (0,50 organies N, kalium in sulfaatvorm) | 18 | 122,95 |
| 2:3:2 | 22 | 105,15 |
| 2:3:2 (0,50 organies N) | 22 | 138,25 |
| 2:3:2 | 26 | 123,80 |
| 2:3:2 | 30 | 142,50 |
| 2:3:4 | 21 | 91,75 |
| 2:3:4 (kalium in sulfaatvorm) | 21 | 104,65 |
| 2:3:4 | 24 | 104,50 |
| 2:3:4 (0,50 organies N) | 24 | 135,00 |
| 2:3:4 (0,50 organies N), kalium in sulfaatvorm) | 24 | 148,90 |
| 2:3:4 | 30 | 130,00 |
| 2:3:4 | 36 | 155,10 |
| 3:1:5 | 26 | 92,05 |
| 3:1:5 (kalum in sulfaatvorm) | 26 | 110,90 |
| 3:1:5 (0,50 organies N) | 26 | 125,40 |
| 3:1:5 (0,50 organies N, kalium in sulfaatvorm) | 26 | 144,80 |
| 3:1:5 | 38 | 130,45 |
| 3:2:0 | 20 | 95,65 |
| 3:2:1 | 22 | 98,15 |
| 3:2:1 (0,50 organies N) | 22 | 142,40 |
| 3:2:1 | 25 | 111,15 |
| 3:2:1 | 32 | 141,60 |
| 3:2:1 | 37 | 161,75 |
| 4:1:1 | 21 | 82,80 |
| 4:1:1 | 22 | 85,90 |
| 4:1:1 | 24 | 92,15 |
| 4:1:1 | 26 | 99,10 |
| 4:1:1 | 30 | 113,95 |
| 4:1:6 | 31 | 105,10 |
| 4:1:6 | 38 | 127,70 |
| 4:1:6 | 42 | 140,45 |

Met dien verstande dat die pryse van kunsmismengsels in die Derde Bylae aangegee met R2,20 per 1 000 kg verminder moet word indien dit in poeiervorm verskaf word.

THIRD SCHEDULE

| Fertilizer mixture (granulated) | Plantfood content | Maximum price per 1 000 kg in bags |
|---|---|---|
| | % | R |
| 0:1:1 | 17 | 85,15 |
| 0:1:1 (potash in sulphate form) | 17 | 96,90 |
| 1:0:1 | 29 | 91,55 |
| 1:0:1 | 37 | 112,50 |
| 1:0:1 | 47 | 138,70 |
| 1:3:5 (potash in sulphate form) | 20 | 102,05 |
| 1:3:5 (0, 50 organic N, potash in sulphate form) | 20 | 124,60 |
| 2:1:2 | 26 | 100,25 |
| 2:1:2 (potash in sulphate form) | 26 | 114,60 |
| 2:2:1 | 22 | 103,45 |
| 2:2:1 | 30 | 140,15 |
| 2:3:0 | 15 | 83,75 |
| 2:3:0 | 26 | 143,35 |
| 2:3:2 (0,50 organic N) | 14 | 91,65 |
| 2:3:2 | 18 | 86,50 |
| 2:3:2 (0,50 organic N) | 18 | 116,55 |
| 2:3:2 (0,50 organic N, potash in sulphate form) | 18 | 122,95 |
| 2:3:2 | 22 | 105,15 |
| 2:3:2 (0,50 organic N) | 22 | 138,25 |
| 2:3:2 | 26 | 123,80 |
| 2:3:2 | 30 | 142,50 |
| 2:3:4 | 21 | 91,75 |
| 2:3:4 (potash in sulphate form) | 21 | 104,65 |
| 2:3:4 | 24 | 104,50 |
| 2:3:4 (0,50 organic N) | 24 | 135,00 |
| 2:3:4 (0,50 organic N, potash in sulphate form) | 24 | 148,90 |
| 2:3:4 | 30 | 130,00 |
| 2:3:4 | 36 | 155,10 |
| 3:1:5 | 26 | 92,05 |
| 3:1:5 (potash in sulphate form) | 26 | 110,90 |
| 3:1:5 (0,50 organic N) | 26 | 125,40 |
| 3:1:5 (0,50 organic N, potash in sulphate form) | 26 | 144,80 |
| 3:1:5 | 38 | 130,45 |
| 3:2:0 | 20 | 95,65 |
| 3:2:1 | 22 | 98,15 |
| 3:2:1 (0,50 organic N) | 22 | 142,40 |
| 3:2:1 | 22 | 111,15 |
| 3:2:1 | 32 | 141,60 |
| 3:2:1 | 37 | 161,75 |
| 4:1:1 | 21 | 82,80 |
| 4:1:1 | 22 | 85,90 |
| 4:1:1 | 24 | 92,15 |
| 4:1:1 | 26 | 99,10 |
| 4:1:1 | 30 | 113,95 |
| 4:1:6 | 31 | 105,10 |
| 4:1:6 | 38 | 127,70 |
| 4:1:6 | 42 | 140,45 |

Provided that the prices of fertilizer mixtures specified in the Third Schedule must be decreased by R2,20 per 1 000 kg if supplied in powder form.

No. 68] [15 March 1975

## ROAD TRAFFIC REGULATIONS 1967: CORRECTION.

The following correction must be made to Government Notice 238, published on page 1554 of Official Gazette 3440 of December 17, 1974:

Substitute the expression "forms 1, 2 and 17" where it appears in paragraph 5 of the Schedule, with the expression "forms S.W.A. 672, S.W.A. 675 and S.W.A. 685".

No. 68] [15 Maart 1975

## PADVERKEERREGULASIES 1967: REGSTELLING.

Die volgende verbetering moet in Goewermentskennisgewing 238, gepubliseer op bladsy 1554 van Offisiële Koerant 3440 van 17 Desember 1974, aangebring word:

